Ons en ons kinders leef in die seën van die koninkryk van God

Ds. PJ Kriel Doop Miané Bezuidenhout 14.01.2024

Inhoud Hierdie preek wys dat die seën waarmee Christus ons en ons kinders seën, die seën van Abraham is. So seën Christus kinders in die koninkryk van God in. Daarom is die doop van kinders die teken dat hulle koninkrykkinders is. Dit wys ook dat die Here se dissipels 'n onderskeid gemaak het tussen verbond en koninkryk om so kinders uit Christus se koninkryk weg te stoot. Dit is wat geestelikes vandag met kinders doen deur hulle in te seën en nie te doop nie. Hulle weerhou die teken van die koninkryk van kinders omdat hulle kinders uit God se koninkryk sluit.

Skriflesing Markus 10: 13 – 16, 35 -40, 45; Galasiërs 3: 13 - 15

Teks Markus 10: 16 "Hy neem hulle toe in sy arms en seën hulle terwyl Hy sy hande op hulle lê."

Tema Ons en ons kinders leef in die seën van die koninkryk van God.

1. Ons en ons kinders is deel van die koninkryk van Jesus Christus. Christus maak ons deel van sy koninkryk deur ons te seën. Wanneer Christus ons seën, seën Hy ons met die seën van Abraham soos Paulus dit verkondig in Galasiërs 3: 14 dat die krag en bedoeling van Christus se kruisiging is dat die seën van Abraham na die nasies sou oorgaan. Christus se seëning van die kindertjies staan tussen die tweede en derde lydensaankondigings. Met sy omhelsing en seëning van die kindertjies openbaar die Here dat deur sy lyding en kruisiging het Hy verbondskindertjies deel gemaak van die seën van Abraham.

Daarom doop ons ons kindertjies – met die teken van die koninkryk van die Here word gewys en bevestig dat Jesus Christus hulle deur die seën van Abraham deel van sy koninkryk gemaak het.

So doop ons ons kindertjies – kinders omhels en geseën deur Jesus Christus met die seën van Abraham.

Jesus Christus se dissipels was tot en met sy opstanding uit die dood uit met 'n ander koninkryk van God besig as die koninkryk waarmee Jesus Christus besig was. Dit is hoekom Jesus se dissipels kinders wegkeer van Jesus en die wat hulle na die Here bring om geseën te word, berispe. Kinders is in die pad van die groot sake van hulle koninkryk van God.

Ons mag nie die dissipels se optrede sien as 'n voorbeeld van die minagting van kinders in die Joodse gemeenskap nie, so asof daar geen waardering vir in die kinders die sosiale en godsdienstige gemeenskap was nie. Nog minder mag ons Jesus hier sien dat Hy kamstig sy kindervriendelikheid demonstreer as 'n kampvegter vir die menseregte en nuwe waardering van kinders in die gemeenskap nie.

Die botsing tussen Jesus en sy dissipels oor kindertjies gaan oor die verskil in koninkryksake, nie die sosiale en klasse-posisie van kinders nie.

2. Kinders het ‘n baie besondere posisie in die Joodse godsdiens gehad. Hulle was besny as verbondskinders en so geag en aanvaar deur almal.. Die seuntjies wat Jesus in sy arms geneem het was besnyde seuntjies en in hulle besnydenis was seuntjies en dogtertjies aanvaar en waardeer as God se verbondskinders.

En die dissipels het dit ook geglo – kindertjies is verbondskinders net soos hul ouers. Daar was vir die dissipels nie ‘n status verskil in God se verbond tussen volwassenes en kinders asof kinders nie deel van God se verbond sou wees nie.

Wat die dissipels met die kindertjies doen waarvoor die Here hulle dadelik aanspreek gaan nie oor hulle verbondstatus of plek in die gemeenskap nie, maar oor kindertjies se plek in die koninkryk van die Here.  Die dissipels se optrede en houding wys dat hulle glo al is kindertjies verbondskinders, is hulle nie deel van die koninkryk van God nie.

Hulle opvatting oor wat God se koninkryk sou wees, wys in hulle reaksie op die Here se derde aankondiging van sy lyding. (Mark.10: 15 – 45) Die Here wys dat in sy koninkryk is Hy die losprys vir sondaars deur die sondaar in hulle plek te word in sy lyding, dood en opstanding. (Mark.10: 45) die dissipels was met ‘n heel ander koninkryk van God besig.

Dit wys in Johannes en Jakobus se versoek om Jesus as die Messias op te volg sou Hy doodgaan soos wat Hy aangekondig het. (Mark. 10: 37) Hulle het geglo dat God werk deur Jesus en sou Jesus doodgaan, sal hulle een vir een Jesus opvolg op die troon in Jerusalem en dan sal hulle weer die Christus wees soos Jesus en sal God deur hulle alles weer doen soos God dit deur Jesus gedoen het. Hulle sal die koninkryk van God wat Jesus begin het in stand hou en uitbrei op aarde.

Hieroor konfronteer die Here hulle met die vraag of hulle sy beker kan drink en met sy doop gedoop kan word? Hierdie vraag beteken of hulle die oordeel van God kan dra soos wat Hy dit in sy lyding en dood gaan dra – om die oordeel van sondaars in hulle plek te dra as losprys. Hulle antwoord dat hulle kan en wys daarmee dat hulle met ‘n ander koninkryk besig is as wat Jesus mee besig is. In hulle koninkryk kan hulle net soos Jesus wees en alles doen wat Jesus doen – hulle glo hulle kan volgens die Here se derde lydingsaankondiging ook vir God se saak ly, gekruisig word en sterf, en God se krag sal ook in hulle opstaan as hulle vir God se saak sterf.

3. Dit is die botsing oor kindertjies tussen Jesus en sy dissipels – hulle plek in die koninkryk van God.

In die dissipels se koninkryk van God moet jy soos Jesus wees en doen wat Jesus gedoen het. So werk God deur jou en bou God sy mag op in en deur jou in die wêreld. In Jesus se koninkryk is net Hy die Christus vir ewig en net Hy is die losprys vir sondaars deur in hulle plek die sondaar onder God se toorn te wees.

In die dissipels se goddelike koninkryk is verbondskinders in die pad. In Christus se koninkryk staan sy dissipels in die kindertjies se pad. Die dissipels is kwaad oor kindertjies wat pla in die koninkryk sake van God en Jesus is vir sy dissipels kwaad omdat hulle kindertjies uit sy koninkryk wil uitsluit. Kindertjies kan nie deel wees van

die krag en mag van die dissipels se koninkryk van God nie, maar in Jesus se koninkryk behoort die kinders aan die koninkryk van God.

Dit is wat Christus doen as Hy die kindertjies omhels en seën. Hy openbaar hulle plek in sy koninkryk. Deurdat Hy hulle seën is hulle deel van sy koninkryk. In sy omarming openbaar die Here dat Hy kindertjies insluit in die seën van Abraham wat in Hom nou na die nasies toe gaan. (Gal.3: 14) Die seën van Abraham wat die Here deel maak van kindertjies se lewe is dat Hy hulle reinig van hul sonde, hulle ou hart verwyder en ‘n nuwe hart gee waarmee hulle aan God toebehoort, sy Gees in hulle gee om in sy liefde te leef en hulle sy volk, sy kerk laat wees. (Eseg. 36: 24 -) Dit is Christus se seën wat jou aan sy koninkryk laat behoort, nie die geestelike mag en krag van volwassenes se geestelikheid nie. En Christus omarm kindertjies in sy seën, die seën van Abraham. (Gal.3:14)

Die dissipels wil nie deel van God se koninkryk wees deur die seën van Christus nie. Hulle wil deel van God se koninkryk wees deur self te doen en te wees wat Jesus is – “ ons kan, ons kan sy oordeelsbeker saam met Hom drink en met sy doop binne in die oordeel van God gedoop word om God se koninkryk op te rig en uit te brei!” (Mark. 10: 38,39) In hulle geestelike koninkryk is verbondskinders uitgesluit. Christus sluit kindertjies in die seëning van die verbond in en so is hulle koninkrykkinders. In die dissipels se geestelikheid is verbondskinders nie koninkrykkinders nie omdat hulle nie kan doen wat Jesus doen en soos Hy kan wees nie.

4. Watter teken bevestig dat ons koninkrykkinders is?

Volgens Esegiël 36: 25 is dit die doop soos Christus dit ingestel het – die doop in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees. Die doop bevestig dat ons koninkrykkinders is.

.
In die Christelike geestelikheid wêreldwyd is dit juis deur die doop wat kinders op verskillende maniere uitgesluit word uit God se koninkryk. Sommige kerke wyer dat kinders gedoop word, juis omdat hulle nog nie deel van die koninkryk van God is nie. Ander doop kinders, maar verduidelik dat hulle doop net die teken is dat hulle verbondskinders is, maar stel duidelik dat hulle nog nie koninkrykkinders is nie. Daarom moet hulle weer met waterseremonies wys dat hulle eers deel van God se koninkryk is nadat hulle tot bekering gekom het.

So word die uitsluiting of insluiting in die doop die teken dat ons kinders deur geestelikes weg gehou word van Jesus Christus se koninkryk. Want die geestelikes vandag is die mense wat glo dat hulle net soos Jesus die oordeelsbeker van God kan drink en in die oordeel van God ingedoop kan word net soos Jesus.

Hulle preek en leer dit so! Jy moet jouself en jou eie-ek opoffer net soos Jesus; Jy moet jouself oorgee net soos Jesus; Jy moet jouself en jou eie lewe doodmaak net soos Jesus; Jy moet jouself en jou eie-lewe kruisig net soos Jesus en dan sal God in jou opstaan en sy goddelike lewe in en deur jou lewe, net soos met Jesus. En vir hierdie geestelikheid is die doop dan die teken dat jy met jouself doen wat Jesus gedoen het en net soos Jesus is. Jy gaan in die water in en stel jouself onder die oordeel van God om niks meer te wees, sodat jy uit die water opkom om God binne

in jou te wees. Hulle doop wys hulle kán net soos Jesus en kindertjies kan nie. (Mark. 10: 38.39)

Daarom is kindertjies volgens geestelikes soos die dissipels uitgesluit uit hierdie geestelike koninkryk. Hulle kan verbondskinders wees, maar nie koninkrykkinders nie, want hulle kan nie – soos Jesus doen en wees nie! Hulle deel nie in Christus se vervloeking in hul plek vir hul sonde nie en hulle deel nie in die seën van Jesus, die seën van Abraham nie.

5. Leë seëninge, leë beloftes, leë sakramente en leë seremonies.

Dit is wat die moderne christelike geestelikes bedryf. Seker die absurdste seremonie wat hulle opgemaak het is die inseëning van kindertjies. Dit is hulle eie maaksel in die plek van die doop van kindertjies. Hulle maak van Jesus ‘n kindervriendelike magsfiguur wat kindertjies uit sy koninkryk uitsluit, net soos slu politici kindertjies omhels en vertroetel om die mag wat hulle soek, waarin kindertjies geen plek het nie, kindervriendelik te laat lyk vir die wêreld. So omhels Jesus volgens hulle kamstig kindertjies liefdevol maar sluit hulle nie in die seën van Abraham in nie. In sy omarming is die kindertjies volgens die geestelikes juis nié deel van die reiniging van hul sondes nie, is hul ou hart nie verwyder met ‘n nuwe hart wat God liefhet en het hulle nog nie die Heilige Gees ontvang om in God se liefde te leef nie. So sou Jesus hulle kamstig seën met ‘n seëning wat hul uitsluit uit die seëninge van God se koninkryk – die seën van Abraham. In seën van kinders is ‘n slu manier om ‘n Jesus te glo wat kindervriendelikheid demonstreer maar hulle van die seën van die Here weghou.

Net so doop ander geestelikes kindertjies met leë beloftes en ‘n leë sakrament. Hulle doop kindertjies as verbondskinders maar glo nie hulle is koninkrykkinders of die doop is die teken van die koninkryk nie. Hulle doop wys net kindertjies is in die verbond, maar hulle kan eers aan die seën van Abraham deel kry, die gawe van die Heilige Gees, as die kinders eendag self tot bekering kom deur self te doen wat Jesus gedoen het: jouself kruisig, doodmaak en opoffer vir God. So maak hulle die doop van kinders ‘n leë doop met leë beloftes. Beloftes wat nie vir kindertjies waar is voor hulle nie eendag soos Jesus is nie en ‘n doop wat nie wys hulle is koninkrykkinders nie. Net soos die dissipels van Jesus maak hulle kindertjies verbondskinders wat nie deel van God se koninkryk is soos die grotes nie.

En dan skep hulle leë seremonies wat nie sakramente is nie. Wanneer jy nou volgens hulle eendag tot bekering kom en só deel van God se koninkryk word, moet jy jouself met water doop maar sonder die woorde: “ in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Seremonies sonder die toesegging van die seën in die Naam van God! Seremonies wat wys jy het gedoen wat Jesus gedoen het, jouself gekruisig en doodgemaak, en daarom aap jy Jesus se doop na. Net soos jy wie Hy is en doen, na-aap. Dit is leë self opgemaakte seremonies van geestelikes vir hulle koninkryk wat nie Jesus Christus se koninkryk is nie.

Jesus Christus maak kindertjies deel van sy koninkryk deur hulle in te sluit in die seën van Abraham en met die teken van die koninkryk te verseël: die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hy minag en verwerp sy dissipels se grootmens koninkryk.

6. Die Here Jesus het self verklaar: “Amen, Ek sê vir julle: Wie die koninkryk van God nie soos ‘n kindjie ontvang nie, sal beslis nie daar ingaan nie.” (Mark.10: 15) Hoe sy dissipels die koninkryk op dieselfde wyse as kinders ontvang, openbaar die Here in sy gespek met hulle in Mark. 10: 38 en 39. Hulle wil die koninkryk ontvang deur net soos Jesus swaar te kry om goddelike mag te verkry. Hulle wil ook soos Jesus hulle self opoffer, kruisig en sterf vir God se saak sodat God se krag, mag en lewe ook in hulle sal opstaan soos dit in Jesus kamstig sou opgestaan het, soos hulle geglo het. Hulle het geglo as Jesus sterf, sal hulle sy opvolgers as die Christusse op aarde wees. (Mark. 10: 37) Jesus wys hulle valse koninkryksgeloof af deur te wys dat hulle nie God se oordeel drink en daarin ingedoop word soos Hy nie, maar net die Nagmaalsbeker sal drink en met water gedoop sal wees. Met hierdie tekens wys die Here Hy bewerk en gee aan hulle Abraham se seën (Gal. 3: 14) Hy dra die vloek van hulle sonde en laat hulle in die seën leef van sy heilige lewe – sonder dat hulle soos Hy is of met hulle self doen wat Hy vir hulle in hulle plek vir hulle gedoen het.

Kindertjies ontvang die seën van Abraham as gawe omdat Christus dit as gawe gee sonder dat hulle iets daarvoor doen. En daarom ontvang grootmense ook hierdie gawe net soos kinders, omdat Christus dit as gawe gee waarvoor hulle niks volgens die wet self kan of hoef te doen nie. (Gal.3: 8 -13)

Daarom ontvang ons die koninkryk wanneer ons “nee” sê en nie soos Jesus se dissipels “ja” gesê het nie – “Hulle sê vir Hom: ons kan.” (Mark.10: 39) Ons ontvang die koninkryk, die seën van Abraham, wanneer ons sê: “Nee, ek kan nie soos Jesus wees en doen wat Jesus gedoen het nie. Net Hy dra die oordeel om my in God se seën in te sluit.” Ons word nooit deel van sy koninkryk omdat ons “ja” sê nie: “Ja ek kan myself opoffer, kruisig en doodmaak soos Jesus en ek kan God in my lewe laat opstaan deur my lewe en hart vir Hom oop te maak nie.”  Net soos ons kindertjies kan ons nie.  Ons kry op dieselfde wyse as ons kindertjies deel aan Jesus se koninkryk – omdat ons nie self kan nie.

Hierdie heerlikheid van groot en klein kinders van God vervals geestelikes vandag so: “Jesus wys met kindertjies grootmense moet so afhanklik en gedienstig soos kindertjies voor God word voordat hulle sy dissipels is.” Só misbruik Jesus sommer net kindertjies kindervriendelik – want regte kindertjies is só uit sy koninkryk uitgesluit. Dit is net vir grootmense wat hulself kinderlik maak voor God se mag. So moet almal eers “ja” sê, “ons kan soos Jesus”.  Ons en ons kinders is nie so nie. Ons sê “nee, ons kan nie”, en glo die Here wat ons en ons kindertjies insluit in sy koninkryk sodat ons saam die teken van sy koninkryk dra – ons doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.